

**Redaksie**

Ds. E. Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com  
Ds. J. van der Linden, Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

Maart 2010 **Nommer 87**

## INHOUDS OPGAWE

**Kyrie eleison, Christe  
eleison, Kyrie eleison**  
...1

**Slawediens vir die duiwel**  
...3

**Om op die net te “surf”**  
...4

### **Kyrie eleison, Christe eleison, Kyrie eleison**

*JT Oldenhuis*

Die kerk het nog altyd in die sentrum van die wêreld gestaan. Die torings van die statige geboue in die klein dorpie is die bewys daarvan. Die kerk het die hele dorpsgemeenskap se blik na die hemel gerig. En as die klokke begin lui, het dit die hele ‘wêreld’ opgeroep na die kerk.

#### **Die Kyrie voor die Gloria**

En dan? Dan was die eerste daad ootmoed en bekering: belydenis van skuld, besef van nood en ‘n ervaring van mense wat groot tekortkominge het teenoor hul Skepper. Die Here word aangeroep en ontferming gevra vir die nood van die wêreld. Sy Naam word geprys, want sy barmhartigheid ken geen einde nie. Dit is die grondslag waaruit al die res volg: Die gebed wat gebore word vanuit die nood in die wereld. Die gebed waarin hierdie nood van die wêreld gevoel word, aan die begin van die liturgie, in die eerste ontmoeting met God. Die gebed wat in hierdie ontmoeting met God ‘n uitweg soek, geregtigheid soek tussen soveel onreg en magsgebruik. ‘n Kreet gebore uit diepgewortelde onmag en magteloosheid teenoor die universele kwaad wat soos ‘n kleed oor die aarde lê.

Kyrie eleison, Christe eleison, Kyrie eleison.  
(Here ontferm u, Christus ontferm u, Here ontferm u)

Dit is waarmee die “Misse” altyd open, die “Misse” waarvan ons met die tyd ontslae geraak het omdat dit te “rooms” was. Maar hulle het wel in die volgorde van al die erediens-elemente iets bewaar wat wesenlik belangrik is in ons omgang met God: eerste kom die Kyrie, die gebed wat vra na God se ontferming, ‘n appél op sy barmhartigheid. ‘n Beroep op die genade vanuit die besef dat ons niks verdien nie, maar dat ons eerder kan verwag dat God Hom totaal van ons sal afkeer in boosheid en teregte irritasie. Kyk wat het ons as mense met sy mooi skepping gemaak!

Maar Hy het die leiding geneem om die sonde van die wêreld weg te neem. En dan eers vloei die Kyrie oor na die Gloria (= lof), dan eers begin die lof na woorde soek vanweë die verwondering oor die bewoë hart van God. Dit soek na woorde in 'n amper oorfloedige herhaling: ons loof U, ons prys U, ons aanbid U, ons verheerlik U, ons dank U, want groot is U heerlijkheid, Here God, hemelse koning, God, Almagtige Vader.

Die liturgie van die vroeë kerke bevat elemente waarin diepe vroomheid vasgelê is. Ons kan so baie daarvan leer.

En dit is verseker 'n groot verlies om te verneem dat sinodes op hulle tyd na hierdie rykdom verwys het as iets waarvoor ons nog nie gereed is nie, dat dit te veel gevra is en te "hoogdrawend" is. Hulle beweer dit staan te ver van die mens af.

So verloor ons ervaring van wesenlike dinge in ons omgang met God.

**'n Kreet gebore uit diepgewortelde onmag en magteloosheid teenoor die universele kwaad wat soos 'n kleed oor die aarde lê.**

### **Bybelse gegewens**

Hierdie selfde lyn vind ons ook in die Skrif. Ons vind dit byvoorbeeld in die Psalms: die roep uit die diepte in Psalm 130; die smag na God net soos 'n hert smag na waterstrome in Psalm 42/43; die smek om genade in Psalm 25; 'n diepe besef van skuld in Psalm 51; die beeld van 'n mens wie se vlees smag na God, in 'n dor en uitgedroogde land, Psalm 63; die vroom houding van aanbidding in Psalm 123. Dit is slegs 'n paar voorbeelde. Daar is soveel meer om te noem: dit is die fondament van ons omgang, ons wandel met God. En hy wat goed oplet sal dieselfde element terugvind in die uitroep "Hosanna", wat vir baie die klank van 'n oorwinningskreet gekry het, maar letterlik beteken: help ons tog, help ons tog asseblief! Ag Here, gee tog heil (Psalm 118:25). Dis waarmee die lofprysing moet begin, want anders verloor dit die

diepgang soos wat dit by ons God hoort.

Ja, die Kyrie eerste en dan die Gloria.

### **Nood en skuld en sonde**

Nood en skuld en sonde is nie presies dieselfde nie. Ons moet hulle daarom nie met mekaar verwar of in een lyn stel nie.

Nood is iets wat druk, iets wat te swaar is om te dra. Dit kan byvoorbeeld nood wees vanweë skuld omdat ons in iets misluk het. Soms kan 'n mens hierby versagtende omstandighede noem, byvoorbeeld 'n gebrek aan moed of kennis of goeie hulp. Maar ondanks dit bly die diep gevoel van nood: hoekom het ek nie die moed gehad nie? Hoekom was ek nie sterker nie? Hoekom was daar niemand wat my in die kritieke tyd kon help nie? Het ek ooit werklik hulp gesoek en het ek dit op die regte plek gaan soek?

Hierdie nood-situasie kan ook ander in die nood bring: hoekom het ons nie gehelp en betyds gaan praat nie? Hoekom het ons nie beter opgelet en praktiese steun gebied nie?

Ja, so lyk nood, nood wat gevoel word, sterker nog: dit is hoe ons nood behoort te voel. Hierdie tipe nood sal 'n mens voel as 'n gemeenskaplike nood, waar ons besef dat ons gesamentlik te kort geskiet het.

Sê ons dinge eerlik en duidelik? Praat ons betyds? Doen ons al hierdie dinge opreg? Bedagsaam? Of het ons eerder aanstoot gegee as gehelp?

Daar is ook nood vanweë skuld oor 'n duidelike sonde: 'n bewuste afwys van God se goeie bepalings. Doelbewus daarteen ingaan, en aanhou daarmee. En dit terwyl daar genoeg kennis aanwesig was. Dit is die nood deur skuld. Dit is iets heeltemal anders as spyt. Dit lê dieper. En daarom sal daar ook meer gesê moet word, meer bely moet word. Hier is nood wat net deur erkenning van skuld weggenem kan word. Ook hieroor is daar baie in die psalms geskrywe.

**'n Skaarste aan mannekrag in 'n kerk wat Pinksterfees vier, is 'n innerlike teenstrydigheid**

- C Trimp

## Die nood van die wêreld

Beleef ons nog ons eie nood? Is daar nog ruimte in ons gebede vir eie nood? Is daar nog ruimte vir nood in ons gesamentlike gebede? In die liturgie? Dit is tog hoe ons saam voor God moet wandel!

Dra ons nog saam aan die nood van die wêreld, as ons saamgekom het in die kerk? Voel ons nog deel daarvan? Is die elemente van die ou liturgie, die vasgelegde vroomheid nog genoegsaam aanwesig? Of neig ons geleidelik na 'n oppervlakkigheid wat gekenmerk word deur 'n aanpassing by dit wat vir die meerderheid mooi, goed, oulik en aanvaarbaar is?

Die kerkklokke lui nie meer nie. Hulle roep nie meer die wêreld na die kerk nie. Die paaie in klein dorpies is nie meer op Sondag vol kerkgangers nie. Laat staan in die groot stede! Kerktorings se doel is nie meer om ons oë na die hemel te rig nie: hulle is nou monumente, bewyse van 'n vergange era.

En in die kerk begin ons baie vinniger met die Gloria, sonder om ernstig ag te slaan op die dieper tone wat die Gloria van die ou liturgieë gekenmerk het.

Die ritme van dromme, die versterking van elektriese kitare, die oppervlakkigheid van lekker en “goed-op-die-gehoor”-melodieë, wat pas by die oppervlakkige tekste, rol oor ons heen.

En daarbuite word oorloë gevoer, word mense somer net doodgeskiet, word vroue mishandel en kinders ontvoer, gevangenes gemartel, rykdom vermors, diere mishandel en uitgemoor, ongebore kinders geaborteer, en so kan ons aangaan. 'n See van ellende. Die nood van die wêreld.

Mag, geld en seks is die magte wat die samelewing beheers. God sien dit. Hy sien baie meer as wat ons sien. Hy hoor die brullende geskreeu van maghebbers, maar ook die skreiende minagting wat in die skuilhoeke van die hart bedink word.

Watter geur styg daar van hierdie wêreld af op na God? Hoe het ons met sy skepping omgegaan? Hoekom het God nie maar onmiddellik 'n einde aan al hierdie dinge gemaak nie?

Ons is deel van hierdie wêreld. Voel ons hierdie wêreld se nood?

Moet ons nie maar elke keer begin met die Kyrie nie? Of gaan ons heerlik voort om te “praise and worship”?

Kyrie eleison, Christe eleison, Kyrie eleison!

## Slawediens vir die duiwel

HP Dam

*En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julle self tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.*

Romeine 6:13

'n Vloekwoord het 'n stem nodig om te kan kwes. 'n Hou moet uitgedeel word om seer te maak. 'n Blik wat wil doodmaak vra vir oë. Die kwaad het hande en voete nodig om kwaad te kan doen.

**Paulus roep ons op om diensweieraars te word. En dit dra vrug, want sonder hande en voete verloor die kwaad mag**

Die koning van die kwaad soek onderdane om die kwaad te bedryf. Besef ons hoe afhanklik hy is van mense wat hul hande en voete, hul stem en hul oë aan die kwaad wil uitleen? Besef ons dan ook hoe graag hierdie koning onself in sy mag wil kry, sodat ons bereid is om die onreg hande en voete te gee?

Paulus roep ons op om ons nie langer in diens van die sonde te stel nie. Daar staan letterlik: stel jou

**Ek is meer bang vir die Pous hier binne-in my as vir die Pous in Rome saam met al sy kardinale**

- M Luther

lede, jou ledemate (jou onderdane sal 'n mens kan sê), nie in diens van die sonde as 'n werktuig vir die onreg nie. Paulus roep ons op om diensweieraars te word. En dit dra vrug, want sonder hande en voete verloor die kwaad mag. Die onreg kan nie deurwerk as ons lede diens weier nie. Die Satan word op hierdie manier daadwerklik van mag beroof. Want elke hou wat nie gegee word nie, tel. Elke vloekwoord wat nie seermaak nie, is een minder.

Daarteenoor is elke woord wat troos, een meer. En elke hand wat heelmaak, weeg mee ten goede. Dit is die keersy. Om diens aan die kwaad te weier, en die goeie, die regverdige, hande en voete, stem en oë te gee. Help, heelmaak, troos, opsoek, om so die goeie te dien. Om so God te dien. Want God wil aan die goeie u hande en u voete gee.

Paulus praat oor twee verskillende diensverbande. Elke woord en elke daad van ons staan op die kruispunt van die keuse. Elke hand en voet is vir kwaad of goed. In wie se diens stel ons ons ledemate?

Hoe maklik is dit nie om aan die kwaad 'n woord te gee nie. Een stoot met jou hand, 'n voet uitsteek om te laat struikel, 'n ysige blik. Dis in die klein dingetjies. Maar dit gaan diep. Want daaragter sit die koning van die kwaad wat dit reggekry het dat jy vir hom slawediens bewys. Dit gaan diep, omdat dit van die duiwel kom wat die kwaad wil laat deurvreet.

Dit kom ook van diep. Want agter woorde en dade sit die hart wat bereid was tot diens aan die kwaad, wat wou buig vir die duiwel.

Wanneer dit so diep sit, moet die geneesmiddel ook diep werk. Wanneer Paulus ons oproep om diens te weier, dan kan hy dit nie as iets vanselfsprekend noem nie. Jesus Christus moes eers die mag van die kwaad aan die kruis breek, en daarna opstaan uit die dood om die nuwe lewe te laat deurbreek. Deur sy Gees wil Christus daardie nuwe lewe nou ook laat deurbreek in ons eie bestaan. Die kwaad, deur Hom weggedoen aan die kruis, mag nie meer deurwerk in hulle wat aan Hom behoort nie.

En stel jouself in diens van God as 'n werktuig, 'n wapen vir dit wat goed is, wat help en troos en opbou. Dit is wat pas by Christus. Die wat Hom volg in sterwe en opstanding, word 'n werker, 'n soldaat, in diens van die reg.

---

## Om op die net te “surf”

*J Visscher*

Die titel van hierdie artikel mag sommige lesers verwar, maar ek is seker dat baie van julle dit onmiddellik sal herken. Die term het spesifiek met die Internet te doen. Meer algemeen het dit ook te doen met die wêreld van rekenaars en moderne kommunikasie. As 'n persoon 'n rekenaar het wat deur 'n telefoonlyn of 'n satelliet-verbinding aan die wêreldwye web verbind is, kan daardie persoon begin om op elektroniese golwe te “surf” of te ry. Hy of sy het die middele tot hulle beskikking om met mense van oor die hele wêreld te kommunikeer.

**So maklik kan hierdie uitvinding, wat soveel wonderlike gebruike het, 'n instrument van die duiwel word.**

### Kitskommunikasie

As jy byvoorbeeld nie vandag lus voel om met pen en papier 'n brief aan 'n verlangse familielid of vriend te skryf nie, 'n brief wat boonop teen 'n sekere koste gepos moet word en waarop dae of weke gewag moet word vir 'n antwoord, is daar 'n alternatief. Jy kan agter jou rekenaar sit, 'n brief op jou sleutelbord intik, 'n knoppie druk en in 'n oogwink is die brief versend en aan die ander kant van die wêreld ontvang. Dit mag wees dat jy ook nog foto's saam met die brief wil stuur. Geen probleem nie. Neem 'n paar foto's met jou digitale

**Trots neem baie vorme aan, en omring die hart soos die lae van 'n ui – as jy die een laag afgetrek het, is daaronder nog 'n laag**

- J Edwards

kamera, laai dit elektronies op jou rekenaar en na 'n paar klikke met jou muis is hulle op pad.

Of dalk wil jy kontak behou met vriende of familie wat op verskillende plekke in die wêreld woon, maar die tyd is te min en posgeld beperkend. Ook dit is 'n onbenullige probleem. Skryf net jou brief op die rekenaar, heg jou foto's aan en stuur dit op een slag na soveel mense as wat jy wil. Dis so eenvoudig.

### Soektogte oral oor

Ons kan nog 'n scenario skets. Jy moet navorsing doen oor 'n sekere onderwerp, miskien 'n skooltaak of werksprojek. Weereens skakel jy jou rekenaar aan, konnekteer aan die web, gaan na 'n soekenjin soos "Google", "Altavista", "Yahoo" e.a., tik die onderwerp in en met verstommende spoed word allerhande bronne geïdentifiseer, met toegang tot baie van hulle.

Wat hierdie inleiding demonstreer, is dat rekenaars, saam met die Internet, wonderlike geleenthede skep. Nog nooit voorheen was soveel inligting so goedkoop en so vinnig tot die beskikking van soveel mense nie!

**Sekerlik beweeg dit ons as gelowiges om af en toe terug te tree en onself af te vra wat ons doen met die geskenk van tyd wat God so goedgunstiglik aan ons geskenk het.**

### Die nadele

Desnieteenstaande het elke voordeel ook 'n nadeel. Inderdaad, net soos met byna elke menslike uit-vinding, het die Internet die moontlikheid om ten goede of ten kwade gebruik te word. Die telefoon is uitgevind, en terwyl dit gesinne in staat gestel het om nouer bande te behou, het dit ook veroorsaak dat skindernuus soos 'n veldbrand versprei. Die radio het gekom en mense is aan godsdienstige-, maar ook sekulêre

uitsendings blootgestel. Televisie het op die mark gekom en menslike oë het beelde ingeneem van asemrowende skoonheid, maar ook van afgryslike geweld. So dikwels blyk dit dat daar twee kante is aan alles wat die mens uitvind.

Dieselfde geld vir die Internet. Ek het reeds 'n aantal positiewe aspekte genoem, maar sal my plig versuim as ek nie ook 'n aantal negatiewe aspekte noem nie. Wat is dit?

### Tydverkwisting

Sommige sal meen dat dit nie kommerwekkend is dat sekere mense so baie tyd daaraan spandeer om op die net te "surf" nie. Dit is 'n nuwigheid wat gou sal taan. Dit is ongetwyfeld in die meeste gevalle waar. Vir sommige mense word die stokperdjie egter 'n verslawing. Dit blyk dat hulle baie van hulle vrye tyd vasgenael voor die sleutelbord en rekenaar-skerm deurbring.

Sou 'n mens vra wat manlief of tienerjarige seun of dogter op die net doen, kry jy verskillende antwoorde. Pa mag deel wees van 'n gespreksgroep wat vinnige en vurige debatte voer. Boetie mag besig wees om strategiese speletjies saam met sy vriende te speel om te bepaal wie die veldslag of oorlog gaan wen. Sussie kan gekoppel wees aan een of ander kletskamer waar sy haar vriendinne vertel van die nuutste vlam in haar lewe. O, en as ons dink dat Ma nie hierby betrokke is nie, moet ons weer dink. Terloops, ek is 'n "loerder"- 'n term wat gebruik word om iemand te beskryf wat 'n lid is van een of meer gespreksgroepe op die web, lees wat daarop verskyn, maar selde deelneem. Wat vir my opvallend is wanneer ek besig is om te "loer", en dikwels ook uit te vee, is dat sommige vroue net so bedrewe soos mans is om die internet as 'n groot tydverkwister te gebruik.

Alles in ag genome, bring dit die vraag na vore wat mense met hulle tyd doen. Veral laat dit 'n mens wonder of Christene wat hulle lewens op die net deurbring, reg lewe. Sekerlik beweeg dit ons as gelowiges om af en toe terug te tree en onself af te vra wat ons doen met die geskenk van tyd wat God so goedgunstiglik aan ons geskenk het.

**The christian life is a combination of amnesia and déjà vu:  
I know I've forgotten this before**

- C Davis

## Swak maniere

Nog 'n probleem wat verband hou met die net is 'n toename in swak maniere. Wat bedoel ek? Ek dink aan die feit dat sommige mense die net gebruik vir die roekelose lugting van hulle besware. Neem die geval van 'n kerklidmaat wat aanstoot neem aan Sondag se preek. In die verlede sou hy of sy verplig gevoel het om die aanstootlike predikant gedurende die week te spreek. Nou lyk dit of dit al te dikwels gebeur dat mense na kerk ontstoke by die huis kom, agter hulle rekenaars inskuif, 'n beswaar in die rekenaar inhamer en dit dadelik afvuur. Dis soveel makliker om stoom af te blaas teenoor 'n metaalboks as van aangesig tot aangesig.

En wat van ons verskonings? Goeie maniere vereis dat jy iemand om verskoning vra as jy hom of haar te na gekom het. Moderne modems laat jou egter toe om 'n flou boodskappie op 'n baie afsydige en onpersoonlike manier via die rekenaar te stuur.

Hierdie is my raad aan alle gebruikers van die net: Let op jou maniere! Die feit dat jy hierdie nuwe uitvinding tot jou beskikking het, gee jou nie die reg om onverskillig teen iemand uit te vaar en dit dan gladweg terug te trek nie. Naaste liefde het ook elektroniese implikasies.

## Geweld

Tydverkwisting en swak maniere is egter nie die enigste nadele van die net nie; daar is ook die kwessie van geweld. Dit steek veral kop uit op die gebied van rekenaarspeletjies. Baie van die speletjies is gewelddadig en sommige uiters gewelddadig. Mans, en in die besonder jong mans, aktiveer sekere speletjies en put dan sadistiese genot uit die toenemende aantal mense wat hulle op die skerm doodmaak.

Natuurlik besef ek dat hierdie nie werklike moorde is nie, nogtans moet 'n mens ernstige vrae vra oor die geestelike vlak van Christene wat genot daaruit put om denkbeeldige mense af te maai. Ontneem dit hulle nie van hulle sensitiwiteit vir geweld nie? Is dit nie, ten minste in die gees, 'n oortreding van

die sesde gebod en die oproep om ons naaste lief te hê nie?

## Pornografie

Nogtans, van al die wangebruike moet die ernstigste een nog genoem word, en dit het te doen met pornografie. Jy mag dalk die net op 'n werklik onskuldige en eerbare manier gebruik wanneer daar skielik 'n boodskap op jou skerm verskyn wat jou uitnooi om 'n werf te besoek wat seksueel eksplisiet is. In 'n oomblik van swakheid mag jy dalk "surf" waar niemand veronderstel is om te "surf" nie en beland in 'n wêreld van wellus, verdorwenheid, wreedheid en vernedering. So maklik kan hierdie uitvindsel, wat soveel wonderlike gebruike het, 'n instrument van die duiwel word.

As gevolg hiervan moet ons almal op ons hoede wees. As iemand in julle huishouding baie tyd op die rekenaar spandeer, moet hy of sy bereid wees om aan die ander lede van die huishouding verantwoording te doen oor wat hulle op die rekenaar doen. As daar 'n rekenaar met Internet toegang in jou huis is, en dit is agter geslote deure, kry dit in die openbaar. As 'n lid van die gesin dit monopoliseer, stel redelike tydgrense in. Gaan die "geskiedenis venster" af en toe na om te sien watter webwerwe deur gesinslede besoek word. Kortliks, hou mekaar aanspreeklik.

Ter opsomming, die beste standaard met betrekking tot die behoorlike gebruik van hierdie medium, net soos met so baie ander dinge in die lewe, is wat ons vind in Filippense 4:8,9. "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees."

**Die gemeente moet die predikant vol-bid, dan sal die predikant die gemeente vol-preek.**

